Hiermee beloof ek…

Honderde MBA-gegradueerdes van regoor die wêreld ondersteun 'n Hippokrates-tipe MBA-erekode wat beloof om die sakewêreld te verander. Moet jy dit onderteken? vra **JANA MARAIS**.

SOMMIGE MEEN DIT is blote oëverblindery, ander sê dit is een van die top 100 idees van 2009. Hoe dit ook sy, wanneer honderde MBA's wat van Harvard Business School – die alma mater van 'n aantal swaargewigte in die wêreldekonomie – begin belowe om die "breër samelewing te dien", gaan mense regop sit en luister.

Hulle luister nie net nie – hulle steun dit ook in groot getalle. Meer as 1 800 MBA's van regoor die wêreld het reeds beloof om nie net verantwoordelikheid vir hul dade te aanvaar, met die uiterste integritieit op te tree en die "belange van my aandeelhouers, medewerkers, kliënte en die samelewing waarin ons sake doen, te beskerm" nie, maar ook om "volhoubare ekonomiese, maatskaplike en omgewingsvooruitgang wêreldwyd te skep".

Die doel van die eed, wat in Mei 2009 deur 'n groep finalejaar MBA's by Harvard opgestel is, is om ondertekenaars aan te moedig om "professionele loopbane, gekenmerk deur integriteit en etiek, te lei". Die eed is as 'n teenvoeter geskryf vir die slegte publisiteit wat gespruit het uit die hoë-profiel rol wat 'n aantal Harvard MBA's in die wêreldwye finansiële krisis gespeel het.

Hoewel die eed 'n aantal positiewe opskrifte tot gevolg gehad het, gaan dit nie 'n towerstaffie wees wat die beeld van "gulsige" sakeleiers wat deur die krisis geskep is, eensklaps

Daniel Malan, USB

Madge Gibson, werwingsagent

BESTAANDE MBA-EREKODES

Harvard se MBA-eed het die afgelope maande heelwat publisiteit (en ondertekenare) gekry, maar hy is nie die eerste bestuurskool met 'n Hippokrates-tipe eed nie. Die invloedryke Thunderbird School of Global Management, met sy hoofkantoor in Arizona, het reeds in 2006 'n vrywillige erekode bekend gestel, wat as volg lui:

"As 'n Thunderbird en 'n wêreldburger belowe ek: Ek sal daarna streef om met eerlikheid en integriteit op te tree, ek sal die regte en waardigheid van alle mense respekteer, ek sal daarna streef om volhoubare vooruitgang wêreldwyd te skep, ek sal alle vorme van korrupsie en uitbuiting teenstaan, en ek sal verantwoordelikheid vir my dade aanvaar. Ek maak hierdie belofte met vrymoedigheid en op my erewoord."

Columbia Business School in New York verwag van al sy gegradueerdes om te belowe om die skool se erekode te handhaaf: "As 'n lewenslange lid van die Columbia Business School-gemeenskap, bly ek getrou aan die beginsels van waarheid, integriteit en respek. Ek sal nie lieg, bedrieg of steel, of diegene wat dit wel doen, verdra nie."

In Kanada dra gegradueerdes van die Universiteit van Wes-Ontario se Richard Ivey-Bestuurskool 'n klasring om hulle te herinner aan hul verbintenis tot eerlikheid, terwyl MBA-studente van die Telfer-Bestuurskool by die Universiteit van Ottawa in 2009 hul eie eed geskryf het waarin hulle belowe om "waarde te skep en vol te hou oor die lang termyn terwyl 'n verbintenis tot maatskaplike, etiese en globale waardes in stand gehou word".

Vir die volledige teks van Harvard se MBA-eed, besoek http://mbaoath.org

herstel nie – en daar is geen waarborg dat ondertekenaars eties sal optree en volhoubare sakebesluite gaan neem nie, waarsku kenners.

"Dit kan al hierdie wonderlike dinge sê, maar as jy hierdie beloftes maak en die leerplan reflekteer steeds die klem op winsmaksimering en korttermyn winste, kan dit op die ou einde meer kwaad as goed doen," waarsku Daniel Malan, hoof van die Eenheid vir Korporatiewe Bestuur in Afrika by die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool.

Hy dink die MBA-eed is kosmeties en "demonstreer nie noodwendig 'n verbintenis tot etiese leierskap nie. Dit is nie regtig iets wat gemeet kan word nie. En selfs al is dit 'n vrywillige ding, is mense wat die eed gaan aflê nie noodwendig die mees etiese persone nie."

Om van nut te wees, is die bewoording van enige eed ongelooflik belangrik. Harvard se eed word gereeld daarvan beskuldig dat die omvang te breed of die teks dubbelsinnig kan wees. Daarteenoor is Columbia Business School se erekode, wat deur alle graduandi onderteken moet word, eenvoudiger: " Ek sal nie lieg, bedrieg, steel, of diegene wat dit wel doen, verdra nie."

In baie gevalle is kodes en edes nie net ondoeltreffend nie, maar kan dit die probleem vererger deur 'n vals gevoel van sekuriteit te skep, waarsku Malan. "Wat ons nodig het is 'n verandering in ons houding en 'n verandering in optrede – 'n klemverskuiwing van 'ons tree eties op omdat ons 'n eed het' na 'ons gebruik ons eed om ons optrede te betwis en verander'.

'n Vrywillige erekode of eed moenie net verwerp word nie, maar dit moet as 'n klein deel in 'n baie meer komplekse legkaart beskou word, sê Malan.

'n Eed alleen sal eenvoudig nie etiese leierskap verseker of die volgende Bernard Madoff keer om miljarde te steel nie – opvoeding en 'n doeltreffende regulatoriese stelsel is net so belangrik.

So lank as wat bestuurders se beloning gekoppel is aan die maksimering van wins en hul vertoning oor die korttermyn, word 'n behoorlike "stok" – streng regulasies en die moontlikheid van langdurige tronkstraf – benodig om menslike hebsug in toom te hou. Opleiding kan 'n belangrike rol speel, sê Malan.

"Ons het 'n mengsel van waardegedrewe, etiese opleiding en regulasies nodig. Die klem moet op waardes wees. Opleiding moet mense help om etiese besluite te neem, maar ek dink nie ons sal ooit in 'n posisie wees om deur opleiding alleen van probleme ontslae te raak nie."

Sakeskole moet 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van etiese, verantwoordelike leiers wat etiese en volhoubare sakepraktyke sal aanmoedig. 'n Erekode of eed sal daarom baie meer betekenisvol wees as etiese leierskap weerspieël word in die inhoud van 'n akademiese program en die ontwerp van die leerplan, sê hy.

Om die eed af te lê, gaan nie veel vir jou loopbaan beteken nie, sê werwingsagente. Die besluit om 'n MBA aan te stel, word steeds grotendeels beïnvloed deur vorige kwalifikasies, werkservaring en die reputasie van die bestuurskool waar die MBA behaal is.

Madge Gibson, 'n vennoot by 'n werwingsagentskap vir uitvoerende bestuurders, sê om die MBA-eed af te lê kan 'n bewonderenswaardige gebaar van moraliteit en sake-etiek wees, maar dit sal nie enige invloed op aanstellings hê nie – werkgewers se werwingsbesluite word baseer op aansoekers se rekord en potensiaal.

"Baie mense verstaan die MBA verkeerd. Hulle dink dit gaan outomaties hul salarisskaal verhoog, maar dit is slegs die geval wanneer die MBA relevant is in die lig van jou werkservaring en daarom jou vertoning en wat jy aanbied, verbeter."

"Belangriker nog is hoe goed jy jou besluit om 'n MBA te doen, deurdink het. Werkgewers hou daarvan om bewyse te sien van loopbaanbeplanning en opvoedkundige rigting, 'n deurdagte benadering eerder as 'n generiese 'regmaakmiddel' – wat ongelukkig die manier is hoe sommige mense 'n MBA toepas," sê Gibson.

Hoewel ondersteuners sê die eed sal help om bestuur in 'n professie te omskep, dink Malan die konsep van bestuur is so generies dat dit nie werklik 'n professie kan word op dieselfde manier as die funksie van prokureurs, dokters of ingenieurs nie.

"Terselfdertyd is daar waardes wat ek in alle loopbane uitgevoer wil sien, soos eerlikheid en deursigtigheid," sê hy.

Ongelukkig sal dít meer verg as 'n handtekening op 'n stuk papier. a

Vir of teen?

Moet die USB 'n MBA-eed opstel?
Stuur jou opinie/voorstelle aan agenda@usb.ac.za
of sms 39841 (standaard-tariewe geld)